



Nuusbrief van die lupinewerkgroep : Wes-Kaap

Februarie 2003 No. 12

Lupien kultivarevaluasie : Wes- en Suid-Kaap 2002

D J Hanekom, P Lombard en H de Wet

Departement Landbou: Wes-Kaap, Privaatsak XI, Elsenburg 7607

Algemene oorsig

Herman Agenbag - PNS

Landboutoestande gedurende 2002 was baie meer gunstig vir lupienproduksie in beide die Wes- en Suid-Kaap in vergelyking met die 2001 seisoen. Volgens beraming is daar ongeveer 10 000 ha soetlupien in die gebiede gesaai wat 'n afname van 4000 ha teenoor die die vorige jaar (2001) is. Verskeie redes bestaan vir die afname in soetlupienproduksie. Die vrees vir antraknose by breëblaarlupiëne het produsente ontmoedig met die gevolg dat daar ongeveer slegs 150ha gesaai is. Sommige produsente het oorgeskakel na soetsmalblaar lupiëne terwyl ander geen ander lupiëne gesaai het nie. Dit blyk ook dat enkele produsente soetlupienproduksie laat vaar het en oorgeskakel het na bitterlupiëne of canola. Die oppervlakte (ha) onder soetlupiëne vir die verskillende produksie areas was as volg:

BNK	200 (500)	CRK	1800 (3000)
SSK	250 (100)	Tuinroete Agri	150 (?)
MKB	4700 (3400)	Boland Agri	2000 (3000)
WPK	1000 (4000)		

Syfers in hakies – 2001 oppervlakte onder lupien produksie

Oor die algemeen is laer saadopbrengste behaal as wat verwag is. Saadopbrengste het gewissel van minder as 1 ton tot ongeveer 1.5 ton/ha terwyl enkele produsente 'n saadopbrengs van 2 ton en self meer gerapporteer het. Bolwurms was in sommige areas 'n redelik ernstige probleem en meer as een bespuiting was in sekere gevalle nodig. By geel- en breëblaarlupien aanplantings was antraknose weereens 'n ernstige probleem. Breëblaarlupien (Cedara 6150) aanplantings in die George, area van siektevrye saad afkomstig van Kwazulu-Natal, was skoon van antraknose en goeie opbrengste is behaal.

Daar was 'n groot aanvraag vir soetlupien by kopers en goeie pryse van R1500 tot R1600 per ton is vir soetsmalblaarlupiëne betaal. Slegs 'n klein hoeveelheid (\pm 50 ton) breëblaar lupiëne is aangebied. Sommige produsente het egter probleme ondervind met die proteïënhoud van smalblaarlupiëne wat nie aan die minimum vereiste van 31% (droë basis) voldoen het nie. Die lae proteïënhoud kan moontlik toegeskryf word aan die feit dat produsente nie meer lupiensaad ent voor saai nie.

Die Departement Landbou:WK het gedurende die 2002 seisoen 'n reeks kultivar proewe in die Suid- en Wes-Kaap uitgevoer. Proewe is op ses lokaliteite, wat strek van Mosselbaai tot Caledon in die Suid-Kaap streek, uitgevoer terwyl daar ook op ses lokaliteite in die Wes-Kaap van Philadelphia tot Eendekuil aangeplant is. By elk van die proefplase in die

twee gebiede naamlik by Tygerhoek (Suid-Kaap) en Langewens (Wes-Kaap) is beide 'n vroeë en 'n laat aanplanting gedoen. Demonstrasieproewe is ook op Malmesbury, en Graafwater uitgevoer.


Reënval oorsig

Klimaatstoestande tydens die 2002 seisoen is gekenmerk deur baie gunstige toestande wat in beide die Suid-Kaap en Swartland voorgekom het. Goeie neerslae het oor bykans die hele streek voorgekom en afgesien van effe koue toestande gedurende Junie was temperature gematig tydens die hele groeiseisoen. Die reënvalsifers soos gemeet in die verskillende gebiede word in figuur 1 getoon.

Agronomiese praktyke


- Bewerking:** Afgesien van die primêre bewerkings wat deur medewerkers gedoen is, is die proefpersele in die Swartland voor plant met 'n Agritec ghrop bewerk. Die proewe in die Suid-Kaap is vooraf met 'n Kongskilde bewerk.
- Vestiging:** Die proewe is geplant met 'n Wintersteiger perseelplanter. Die duisendkorrelmassa, ontkiemings% van elke kultivar is bepaal. Saaidigtheid is bereken ten einde 'n mikpunt van 45 plante/m² te verseker.
- Bemesting:** Alle bemesting wat toegedien is, is gebaseer op grondontledings wat by elke proefperseel geneem is. Bemesting is volgens aanbeveling van die Elsenburg grondontledingslaboratorium gedoen. Molibdeen en boor blaarbespuiting is by alle lokaliteite op ongeveer 60 tot 70 dae na plant gedoen.
- Onkruidbeheer:** Onkruidbeheer waar nodig is volgens onkruidspesie en -druk toegepas. Hoofsaaklik is daar gebruik gemaak van 'n voorsaaibespuiting met simasien gevolg deur na-opkomsbeheer met Brodal(deflufenican) en Focus Ultra (cycloxydim).
- Insekbeheer:** Insekbeheer het hoofsaaklik bestaan uit 'n bespuiting teen rooibeensandmyt en lusernerdvlou, gevolg deur bespuitings later in die seisoen vir die beheer van plantluise en bolwurms. Die middels wat gebruik is, was Dimet(dimetoaat) en Dursban(chlorpiriphos).
- Swambeheer:** Alle proewe is op 'n 10 tot 14 dae siklus met 'n mengsel van Amistar en Folicur en gespuit om antraknose te beheer.
- Oesaksies:** Persele is direk gestroop met behulp van 'n Wintersteiger perseelstrooper waarna die saad skoongemaak en toegelaat is om 'n resulterende vogpersentasie te bereik voordat dit geweeë is. Smalblaarkultivars wat geneig is tot uitsprong is platgesny op ongeveer 60% vog.

Caledon(Boontjieskraal)




Figuur 2. Opbrengs van lupien kultivars by die Caledon lokaliteit gedurende 2002.
(KV% = 6.76% KBV = 0.303 - Plantdatum = 01/05/2002)

Napier(Panorama)




Figuur 3. Opbrengs van lupien kultivars by die Napier lokaliteit gedurende 2002.
(KV% = 12.96% KBV = 0.454 - Plantdatum = 01/05/2002)

Riviersonderend (Tygerhoek Saaityd 1)




Figuur 4. Opbrengs van lupien kultivars by die Tygerhoek 1 lokaliteit gedurende 2002. (KV% = 9.88% KBV = 0.341 - Plantdatum = 02/05/2002)

Riviersonderend (Tygerhoek Saaityd 2)




Figuur 5. Opbrengs van lupien kultivars by die Tygerhoek 2 lokaliteit gedurende 2002. (KV% = 11.34% KBV = 0.390 - Plantdatum = 28/05/2002)

Swellendam (Kliphoogte)




Figuur 6. Opbrengs van lupien kultivars by die Swellendam lokaliteit gedurende 2002. (KV% = 7.44% KBV = 0.319 - Plantdatum = 02/05/2002)

Heidelberg (Uitsig)




Figuur 7. Opbrengs van lupien kultivars by die Heidelberg lokaliteit gedurende 2002. (KV% = 9.47% KBV = 0.312 - Plantdatum = 02/05/2002)

Mosselbaai (Kleinberg)




Figuur 8. Opbrengs van lupien kultivars by die Mosselbaai lokaliteit gedurende 2002.
 (KV% = 24.58% KBV = 0.527 - Plantdatum = 14/05/2002)
 (Breëblaarlupiëne het versuip a.g.v baie nat toestande)

Philadelphia (Boterberg)




Figuur 9. Opbrengs van lupien kultivars by die Philadelphia lokaliteit gedurende 2002.
 (KV% = 17.23% KBV = 0.433 - Plantdatum = 29/04/2002)

Moorreesburg(Langgewens saaityd 1)




Figuur 10. Opbrengs van lupien kultivars by die Langgewens 1 lokaliteit gedurende 2002. (KV% = 23.61% KBV = 0.732 - Plantdatum = 09/05/2002)

Moorreesburg(Langgewens saaityd 2)




Figuur 11. Opbrengs van lupien kultivars by die Langgewens 2 lokaliteit gedurende 2002. (KV% = 29.07% KBV = 0.711 - Plantdatum = 27/05/2002)

Darling (Goedemoed)




Figuur 12. Opbrengs van lupien kultivars by die Darling lokaliteit gedurende 2002.
 (KV% = 24.47% KBV = 0.302 - Plantdatum = 08/05/2002)
 (Breëblaarlupiëne uitgewis deur antraknose)

Hopefield (Leliefontein)




Figuur 13. Opbrengs van lupien kultivars by die Hopefield lokaliteit gedurende 2002.
 (KV% = 19.37% KBV = 0.487 - Plantdatum = 08/05/2002)

Porterville (Keerom)



Figuur 14. Opbrengs van lupien kultivars by die Porterville lokaliteit gedurende 2002. (KV% = 13.52% KBV = 0.303 - Plantdatum = 05/05/2002)

Eendekuil (Lemoenkloof)




Figuur 15. Opbrengs van lupien kultivars by die Eendekuil lokaliteit gedurende 2002. (KV% = 17.12% KBV = 0.310 - Plantdatum = 07/05/2002)

Demonstrasieproef Malmesbury

Rustig – Johann de Jongh

Saadbedvoorbereiding: Skottelbewerking + Plant met saaimasjien
Saaidatum : 29 Mei 2002
Saaidigtheid : 100 kg/ha
Bemesting : Geen
Spuitsprogram : 2 bespuitings met cypermethrine teen bolwurm
Reënval(saai tot oes) : 167mm



Navrae: Hoofdirektoraat Landbou:WK, Privaatsak X1 Elsenburg 7607 ,Tel 8085111.

Redaksie: HJC Agenbag DJ Hanekom Dr N Kotze

Geborg deur die Proteïennavorsingstigting